

BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES - AFRIKA.  
**OFFICIAL GAZETTE**



EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

UITGAWE OP GESAG.

1/- Dinsdag, 29 April 1958

WINDHOEK

Tuesday, 29th April, 1958

No. 2141

INHOUD.

Bladsy

CONTENTS.

Page

**GOEWERMENSKENNISGEWING—**

**GOVERNMENT NOTICE—**

No. 83. Ordonnansies 1958: Uitvaardiging van 301

No. 83. Ordinances, 1958: Promulgation of . 301

**Goewermentskennisgewing.**

**Government Notice.**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 83.] [29 April 1958.

No. 83.] [29th April, 1958.

**ORDONNANSIES, 1958: UITVAARDIGING VAN.**

**ORDINANCES, 1958: PROMULGATION OF.**

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	Titel.	Bladsy.
No. 1.	Addisionele Middele (1957/58) Ordonnansie 1958.	302
No. 2.	Wysigingsordonnansie op Hondebelasting 1958	303
No. 3.	Ordonnansie op die Geldigmaking van Inboorlingdienskontrakte 1958	303
No. 4.	Wysigingsordonnansie op Landnedersetting, 1958	304
No. 5.	Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Krank-sinniges) 1958	304
No. 6.	Wysigingsordonnansie op die Omheinings-proklamasie 1958	305
No. 7.	Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suidwes-Afrikaanse Vleisnywerheid 1958	306
No. 8.	Ordonnansie op die Wettiging van Beeshef-fings 1958	306
No. 9.	Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1958	307
No. 10.	Wysigingsordonnansie op Wildbeskerming 1958	308
No. 11.	Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongediertes 1958	308
No. 12.	Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwik-kelings en -reserwefonds 1958	308
No. 13.	Wysigingsordonnansie op die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1958	309

No.	Title.	Page.
No. 1.	Additional Appropriation (1957/58) Ordinance, 1958	302
No. 2.	Dog Tax Amendment Ordinance, 1958	303
No. 3.	Validation of Native Service Contracts Ordinance, 1958	303
No. 4.	Land Settlement Amendment Ordinance, 1958	304
No. 5.	Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1958	304
No. 6.	Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958	305
No. 7.	South West African Meat Industry Amend-ment Ordinance, 1958	306
No. 8.	Validation of Cattle Levies Ordinance, 1958	306
No. 9.	Education Amendment Ordinance, 1958	307
No. 10.	Game Preservation Amendment Ordinance, 1958	308
No. 11.	Extermination of Vermin Amendment Ordinance, 1958	308
No. 12.	Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1958	308
No. 13.	Diamond Industry Protection Proclamation Amendment Ordinance, 1958	309

No. 1 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag van hoogstens vier miljoen, vyf honderd-en-twee duisend, vyf honderd een-en-tagtig pond vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op die een-en-derdigste dag van Maart 1958 eindig.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:-

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met die bedrag van vier miljoen, vyf honderd-en-twee duisend, vyf honderd een-en-tagtig pond op die Inkomsterekening tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die boekjaar wat op 31 Maart 1958 eindig, soos in Ordonnansie 14 van 1957 vermeld is.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en omstandiger uiteengesit in die Begroting van Bykomende Uitgawe wat gedek moet word uit Inkomstefondse (S.W.A. 2-1958) soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Addisionele Middele (1957/58) Ordonnansie 1958.

**BYLAE.**

No. van Begrotingspos.	Benaming van Begrotingspos.	Bedrag.
		£
1.	Administrasie . . . . .	25,100
3.	Landbou . . . . .	20,000
4.	Ouditering . . . . .	2,800
5.	Doeane en Aksyns . . . . .	3,830
6.	Diverse Dienste . . . . .	55,691
7.	Onderwys . . . . .	25,000
9.	Regspleging . . . . .	16,600
10.	Lande, Aktes en Opmetings . . . . .	1,410
13.	Pensioene en Gratifikasies . . . . .	8,000
14.	Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese . . . . .	130,000
15.	Gevangenis en Verbeteringsgestigte . . . . .	4,150
16.	Gesondheid . . . . .	10,000
19.	Gebiedsontwikkelings- en Reserwe Fonds	4,200,000
<b>TOTAAL</b>		<b>4,502,581</b>

No. 1 of 1958.]

**ORDINANCE**

To apply a further sum not exceeding four million, five hundred and two thousand, five hundred and eighty one pounds towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1958.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of four million five hundred and two thousand five hundred and eighty one pounds on Revenue Account to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the financial year ending on the 31st March, 1958 as specified in Ordinance 14 of 1957.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule hereto and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure (S.W.A. 2-1958) as approved by the Legislative Assembly.

3. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation (1957/58) Ordinance, 1958.

**SCHEDULE.**

Vote No.	Designation of Vote.	Amount
		£
1.	Administration . . . . .	25,100
3.	Agriculture . . . . .	20,000
4.	Audit . . . . .	2,800
5.	Customs and Excise . . . . .	3,830
6.	Miscellaneous Services . . . . .	55,691
7.	Education . . . . .	25,000
9.	Administration of Justice . . . . .	16,600
10.	Lands, Deeds and Surveys . . . . .	1,410
13.	Pensions and Gratuities . . . . .	8,000
14.	Posts, Telegraphs and Telephones . . . . .	130,000
15.	Prisons and Reformatories . . . . .	4,150
16.	Health . . . . .	10,000
19.	Territorial Development and Reserve Fund	4,200,000
<b>TOTAL</b>		<b>4,502,581</b>

No. 2 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op hondebelasting.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel drie van die Hondebelasting Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 14 van 1927) word hierby gewysig deur sub-artikel (1) daarvan te skrap en te vervang deur die onderstaande nuwe sub-artikel:—

„(1) Die eienaar van enige hond (buiten die eienaar van 'n ongesnyde teef wat hy binne 'n munisipaliteit of 'n dorpsbestuurgebied besit) moet ten opsigte van sodanige hond 'n jaarlikse belasting van tien sjielings betaal, en die eienaar van 'n ongesnyde teef, wat hy binne 'n munisipaliteit of dorpsbestuurgebied besit, moet ten opsigte van sodanige teef 'n jaarlikse belasting van twee pond tien sjielings betaal.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hondebelasting 1958, en word beskou as in werking van die eerste dag van April 1958.

No. 3 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Ter geldigmaking van sekere dienskontrakte wat aangegaan is tussen die *New South West Africa Native Labour Association (Proprietary) Limited*, wat optree namens die *Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited*, die *Tsumeb Corporation, Limited*, en ander mynondernemings in die Gebied Suidwes-Afrika aan die een kant, en ekstra-territoriale inboorlinge of noordelike inboorlinge soos bepaal by die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie 1935 (Proklamasie 29 van 1935) aan die ander kant.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

NADEMAAL daar twyfel ontstaan het of sekere dienskontrakte aangegaan tussen die *New South West Africa Native Labour Association (Proprietary) Limited*, wat optree namens die *Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited*, die *Tsumeb Corporation Limited* en ander mynondernemings in die Gebied Suidwes-Afrika aan die een kant, en ekstra-territoriale inboorlinge of noordelike inboorlinge soos bepaal by die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie 1935 (Proklamasie 29 van 1935) aan die ander kant, voldoen aan die bepalings van die „Meesters en Bedienden Proklamasie 1920” (Proklamasie 34 van 1920);

EN NADEMAAL dit wenslik is om sodanige twyfel uit die weg te ruim en die kontrakte aldus aangegaan geldig te maak;

SO IS DIT dat die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-generaal, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreeë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van die Zuidwest Afrika Konstitusie Wet 1925, soos gewysig by artikel *sestien* van

No. 2 of 1958.]

**ORDINANCE**

To amend the law relating to the taxation of dogs.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *three* of the Dog Tax Ordinance, 1927, (Ordinance 14 of 1927) is hereby amended by the deletion of sub-section (1) and the substitution of the following new sub-section:—

“(1) The owner of any dog (other than the owner of an unspayed bitch owned by him within a municipality or a village management board area) shall pay in respect of such dog an annual tax of ten shillings, and the owner of an unspayed bitch owned by him within a municipality or a village management board area shall pay in respect of such bitch an annual tax of two pounds ten shillings”.

2. This Ordinance shall be called the Dog Tax Amendment Ordinance, 1958, and shall be deemed to have come into operation on the first day of April 1958.

No. 3 of 1958.]

**ORDINANCE**

To validate certain contracts of service entered into between the *New South West Africa Native Labour Association (Proprietary) Limited* acting on behalf of the *Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited*, the *Tsumeb Corporation, Limited* and other mining concerns in the Territory of South West Africa on the one part, and extra territorial natives or northern natives as defined in the Extra Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935 (Proclamation 29 of 1935) on the other part.

(Assented to 21st April, 1958.)

(English text signed by the Administrator.)

WHEREAS doubt has arisen as to whether certain contracts of service entered into between the *New South West Africa Native Labour Association (Proprietary) Limited*, acting on behalf of the *Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited*, the *Tsumeb Corporation Limited* and other mining concerns in the Territory of South West Africa on the one part and extra territorial natives or northern natives as defined in the Extra Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935 (Proclamation 29 of 1935) on the other part, comply with the provisions of the Master and Servants Proclamation, 1920 (Proclamation 34 of 1920);

AND WHEREAS it is desirable to dispel any such doubt and to validate contracts so entered into;

NOW THEREFORE, BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution

die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, VERORDEN:-

1. Nieteenstaande andersluidende bepalings in enige ander wet, word enige dokument wat volgens sy inhoud 'n dienskontrak is en wat voor die uitvaardiging van hierdie Ordonnansie aangegaan is tussen die *New South West Africa Native Labour Association (Proprietary) Limited*, wat optree namens die *Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited*, die *Tsumeb Corporation Limited*, en ander mynondernehmens in die Gebied Suidwes-Afrika aan die een kant, en ekstra-territoriale inboorlinge of noordelike inboorlinge soos bepaal by the Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie 1935 (Proklamasie 29 van 1935) aan die ander kant, beskou as 'n geldige of bindende dienskontrak tussen meester en bediende ooreenkomstig die wet aangegaan of gesluit vir die uitvoer van werk of arbeid ingevolge die Meesters en Bedienden Proklamatie 1920 (Proklamasie 34 van 1920) soos gewysig, en word dit geag 'n bepaling te bevat dat die diens waarvoor daar aldus gekontrakteer is, ooreenkomstig die bepalings van artikel ses van die voormelde Proklamasie 34 van 1920 binne 'n tydperk van een maand na die datum van die kontrak sou begin.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Geldigmaking van Inboorlingdienskontrakte 1958.

No. 4 van 1958.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Wet op Landnedersetting.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:-

1. Sub-artikel (5) van artikel *drie-en-veertig* van die Landnedersetting Gekonsolideerde en Wysigingsproklamasie 1927 (Unie Proklamasie 310 van 1927) word hierby gewysig deur die woorde „na die datum waarop die huurder sy reg van aankoop kragtens die huurkontrak uitgeoefen het” met die woorde „vanaf die datum van aanvang van die huurkontrak”, te vervang en deur die volgende sub-artikel by te voeg, die bestaande sub-artikel word dan sub-artikel 5 (i):-

„(ii) Die bepalings van sub-artikel (i) word beskou as reeds in werking te getree het op 1 Januarie 1938 maar sal nie van toepassing wees op hoewes wat tans onder opsie van koop of verkoop is en welke opsie deur die huurder gegee is nie.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Landnedersetting, 1958.

No. 5 van 1958.]

## ORDONNANSIE

Om die rentekoers wat toegestaan moet word op gelde deur die Meester van die Hoë Hof ontvang op rekening van minderjariges of sielsiekes of sekere ander persone, te verander.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:-

Act, 1925 as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:-

1. Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, any document purporting to be a contract of service entered into before the promulgation of this Ordinance between the *New South West Africa Native Labour Association (Proprietary) Limited* acting on behalf of the *Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited*, the *Tsumeb Corporation Limited*, and other mining concerns in the Territory of South West Africa on the one part and extra territorial natives or northern natives as defined in the Extra Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935, (Proclamation 29 of 1935) on the other part, shall be deemed to be a valid or binding contract of service between master and servant entered into or made according to law for the performance of any work or labour in terms of the Master and Servants Proclamation, 1920 (Proclamation 34 of 1920) as amended, and to contain a stipulation that the service so contracted for would commence within a period of one month from the date of the contract in accordance with the provisions of section *six* of Proclamation 34 of 1920 aforesaid.

2. This Ordinance shall be called the Validation of Native Service Contracts Ordinance, 1958.

No. 4 of 1958.]

## ORDINANCE

To amend the law relating to Land Settlement.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa:-

1. Sub-section (5) of section *forty three* of the Land Settlement Consolidation and Amendment Proclamation, 1927 (Union Proclamation 310 of 1927) is hereby amended by the substitution of the words “since the date of the commencement of the lease” for the words “from the date upon which the lessee exercised the option of purchase under the lease”, and by the addition of the following sub-section, the existing sub-section then becoming sub-section (5) (i):-

“(ii) The provisions of sub-section (i) shall be deemed to have come into operation on the 1st January, 1938 but shall not be applicable to holdings which are at present under option of purchase or sale and which option was given by the lessee.”

2. This Ordinance shall be called the Land Settlement Amendment Ordinance, 1958.

No. 5 of 1958.]

## ORDINANCE

To alter the rate of interest to be allowed on moneys received by the Master of the High Court for account of minors or lunatics or certain other persons.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

1. Artikel *drie-en-negentig* van die Boedelwet 1913 (Wet 24 van 1913), van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos op hierdie Gebied toegepas by artikel *two* van „De Betere Rechtsbedeling Proklamasie 1921” (Proklamasie 52 van 1921), en vir die doeleindes van sodanige toepassing gewysig by die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 1 van 1927), die Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1935 (Ordonnansie 17 van 1935), die Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1942 (Ordonnansie 2 van 1942), die Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1946 (Ordonnansie 14 van 1946) en die Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1955, (Ordonnansie 15 van 1955), word hierby verder gewysig vir die doeleindes van sodanige toepassing deur die vervanging van die woorde „drie en 'n kwart” deur die woord „vier”.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges) 1958, en het regsrag met ingang van die eerste dag van April 1958.

No. 6 van 1958.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op omheining.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningproklamasie 1957 (Ordonnansie 6 van 1957) word hierby gewysig deur:—

- (a) die volgende voorbehoudsbepaling aan die end van sub-artikel (1) by te voeg:—

„Met dien verstande dat wanneer 'n eienaar van 'n hoewe wat aan so 'n kring grens aansoek doen dat sodanige hoewe ook in die kring ingesluit word, die Administrateur die voormelde kennisgewing kan wysig sodat die hoewe van sodanige eienaar binne die grense van die kring ingesluit word”; en

- (b) die woorde „of 'n gedeelte daarvan” na die woord „kring” in te voeg waar dit vir die derde keer in sub-artikel (2) voorkom.

Die woord „kring” in hierdie artikel beteken:—

- (i) Enige distrik of wyk soos in sub-artikels (3) en (4) van artikel 5 van die Proklamasie beskryf word, of
- (ii) Een of meer grondbewaringsdistrikte of gedeeltes daarvan ongeag of sodanige grondbewaringsdistrikte of gedeeltes daarvan binne een of meer distrikte of wyke geleë is.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Omheiningproklamasie 1958 en word geag op die elfde dag van April 1957 in werking te getree het.

1. Section *ninety-three* of the Administration of Estates Act, 1913 (Act 24 of 1913), of the Parliament of the Union of South Africa, as applied to this Territory by section *two* of the Better Administration of Justice Proclamation, 1921 (Proclamation 52 of 1921), and amended for the purposes of such application by the Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Ordinance, 1927 (Ordinance 1 of 1927), The Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1935 (Ordinance 17 of 1935), the Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1942 (Ordinance 2 of 1942), the Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1946 (Ordinance 14 of 1946) and the Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance 1955 (Ordinance 15 of 1955) is hereby further amended for the purposes of such application by the substitution of the word „four” for the words „three and one-quarter”.

2. This Ordinance shall be called the Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1958, and shall come into force on the first day of April, 1958.

No. 6 of 1958.]

## ORDINANCE

To amend the law relating to fencing.

(Assented to 21st April, 1958.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957 (Ordinance No. 6 of 1957) is hereby amended by:—

- (a) the addition of the following proviso at the end of sub-section (1):

“Provided that when an owner of a holding adjoining such an area applies to have such holding included in the area, the Administrator may amend the aforesaid notice so as to include the holding of such owner within the boundaries of the area” and

- (b) the insertion of the words “or portion thereof” after the word “area” where it occurs for the third time in sub-section (2).

The word “area” in this section shall mean:—

- (i) any district or ward as described in sub-sections (3) and (4) of section 5 of the Proclamation, or
- (ii) one or more soil conservation districts or portions thereof, irrespective of whether such soil conservation districts or portions thereof are situated within one or more districts or wards.

2. This Ordinance shall be called the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958, and shall be deemed to have come into operation on the eleventh day of April, 1957.

No. 7 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op die beheer van die vleisnywerheid in die Gebied.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *negen-en-dertig* van die Ordonnansie op die Suidwes-Afrikaanse Vleisnywerheid 1955 (Ordonnansie 39 van 1955) word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„39 (1) Die wette genoem in die bylae van hierdie Ordonnansie word hierby herroep in die mate aangedui in die derde kolom daarvan, maar nieteenstaande die herroeping —

- (a) bly alle regulasies, verordenings, tariewe en bevel wat ingevolge die genoemde wette uitgevaardig is van krag vir sover hulle nie onbestaanbaar of strydig is met die bepalings van hierdie Ordonnansie nie, totdat hulle vervang, gewysig of herroep word, en
- (b) word beskou dat die Vleishandel-Kontroleeraad ingestel by Proklamasie 5 van 1936 ingevolge artikel *een* van Ordonnansie 8 van 1935, bly voortbestaan tot tyd en wyl die korporasie gestig is ingevolge artikel *een* van Ordonnansie 39 van 1955, en sodanige voormelde Vleishandel-Kontroleeraad behou nog steeds die bevoegdheede, en voer nog steeds die pligte uit, wat in Ordonnansie 8 van 1935 genoem word asof Ordonnansie 8 van 1935 nie herroep is nie”.

2. Hierdie Ordonnansie word beskou as in werking met ingang van 20 Desember 1955.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suidwes-Afrikaanse Vleisnywerheid 1958.

No. 8 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Om die inning van sekere gelde en heffings ten opsigte van beeste wat in die jare 1953, 1954 en 1955 op Walvisbaai geslag is, te wettig, en om die bedeling van aldus geïnde gelde en heffings te reël.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

NADEMAAL, daar twyfel bestaan of die Ordonnansie betreffende die Kontrole van die Vleishandel 1935 (Ordonnansie 8 van 1935) of die regulasies wat daaruit voortvloei, of die Veeziekten Proklamasie 1920 (Proklamasie 28 van 1920) of die regulasies wat daaruit voortvloei, voorsiening maak vir die oplegging van gelde en heffings ten opsigte van beeste wat op Walvisbaai geslag is en na die Unie uitgevoer is in die tydperk van 1 Januarie 1953 tot 31 Desember 1955, en ten opsigte waarvan gelde en heffings ten bedrae van £9,254.17.0 geïnd is;

EN NADEMAAL dit wenslik is om daardie twyfel uit die weg te ruim, en om die inning van die genoemde gelde en heffings te wettig;

SO IS DIT dat die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Nieteenstaande andersluidende bepalings in enige ander wet, word die gelde en heffings aangedui in die

No. 7 of 1958.]

**ORDINANCE**

To amend the law relating to the control of the meat industry in the Territory.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section *thirty-nine* of the South West African Meat Industry Ordinance, 1955 (Ordinance No. 39 of 1955):—

“39. (1) The laws mentioned in the schedule to this Ordinance are hereby repealed to the extent indicated in the third column of such schedule, but notwithstanding such repeal —

- (a) all regulations, by-laws, tariffs and orders issued in terms of the said law in so far as they are not inconsistent or incompatible with the provisions of this Ordinance or of any regulations or tariffs issued in terms of this Ordinance, shall remain in force until they are substituted, amended or repealed, and
- (b) the Meat Trade Control Board established by Proclamation No. 5 of 1936 in terms of Section *one* of Ordinance No. 8 of 1935 shall be deemed to continue to exist until such time as the corporation has been established in terms of section *one* of Ordinance No. 39 of 1955, and such aforementioned Meat Trade Control Board shall continue to possess all such powers and exercise all such functions as are mentioned in Ordinance No. 8 of 1935 as if such Ordinance No. 8 of 1935 had not been repealed.”

2. This Ordinance shall be deemed to have come into operation on the 20th December, 1955.

3. This Ordinance shall be called the South West African Meat Industry Amendment Ordinance, 1958.

No. 8 of 1958.]

**ORDINANCE**

To validate the collection of certain fees and levies in respect of cattle slaughtered at Walvis Bay during the years 1953, 1954, and 1955 and to provide for the allocation of fees and levies so collected.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

WHEREAS doubt has arisen as to whether provision exists in the Meat Trade Control Ordinance, 1935, (Ordinance 8 of 1935) or in the regulations published thereunder, or in the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation 28 of 1920) or in the regulations published thereunder, for the imposition of fees and levies on cattle slaughtered at Walvis Bay and exported to the Union during the period 1st January 1953 and 31st December 1955, and in respect of which fees and levies to an amount of £9,254.17.0 were collected;

AND WHEREAS it is desirable to dispel any such doubt and to validate the collection and allocation of the fees and levies so collected;

NOW THEREFORE BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, the fees and levies enumerated in

eerste kolom van die Bylae by hierdie Ordonnansie, wat gein is ten opsigte van beeste wat in die tydperk van 1 Januarie 1953 tot 31 Desember 1955 op Walvisbaai geslag is en na die Unie uitgevoer is, beskou as wettig opgelê en gein, en word dit bedeel soos die tweede kolom van die genoemde Bylae aandui.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Wettiging van Beesheffings 1958.

BYLAE.	
Eerste Kolom	Tweede Kolom.
Gelde . . . £3,084.19.0	Die Vleishandel-Kontrole-raad . . . . . £2,875.16. 2
	Die Gebiedsinkomstefonds £2,418. 5. 8
Heffings £6,169.18.0	Die Boerderybelangefonds £3,960.15. 2
Totaal £9,254.17.0	Totaal £9,254.17. 0

No. 9 van 1958.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op openbare onderwys.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Sub-artikel (1) van artikel *agt-en-neëntig* van die Onderwysproklamasie, 1926 (Proklamasie No. 16 van 1926) (hierna heet dit die hoofproklamasie) word hierby deur die volgende sub-artikel vervang:—

„(1) Die superintendent van 'n staatsskoolkoshuis, indien hy 'n onderwyser verbonde aan 'n staatskool is, is geregtig op 'n gratis huis of gratis inwoning in die koshuis, gratis losies en gratis waserydienste vir homself, sy eggenote en sy kinders jonger as ses jaar. Die tarief van duurtetoelag betaalbaar aan die superintendent in sy hoedanigheid as onderwyser aan 'n staatsskool word nie hierdeur verander nie.”

2. Sub-artikel (3) van artikel *nege-en-neëntig* van die hoofproklamasie word hierby deur die volgende sub-artikel vervang:—

„(3) Die Direkteur kan vereis dat enige onderwyser aan 'n staatsskool in die koshuis wat aan die skool verbonde is, as 'n voltydse of deelydse opsigter toesig hou. 'n Voltydse opsigter ontvang as vergoeding gratis losies, inwoning en waserydienste met dien verstande dat die Direkteur aan 'n opsigter wat nie afgelos kan word nie, bykomende vergoeding van £24 per jaar kan betaal. 'n Deelydse opsigter ontvang 'n deel van sulke vergoeding in eweredige verhouding met die pligte deur hom verrig, en welke deel deur die Direkteur bepaal sal word. Die tarief van duurtetoelag betaalbaar aan 'n opsigter of deelydse opsigter in sy hoedanigheid as onderwyser aan 'n staatsskool word nie hierdeur verander nie.”

3. Artikel *een honderd drie-en-veftig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur die woorde „en staatskoolkoshuise” na die woord „skole” in te voeg.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1958 en het regsrag met ingang van die eerste dag van April 1958.

the first column of the Schedule to this Ordinance and collected in respect of cattle slaughtered at Walvis Bay and exported to the Union during the period 1st January 1953 and 31st December 1955, shall be regarded as having been lawfully levied and collected and shall be allocated as is set out in the second column of the said Schedule.

2. This Ordinance shall be called the Validation of Cattle Levies Ordinance, 1958.

SCHEDULE.	
First Column.	Second Column.
Fees . . . £3,084.19. 0	The Meat Trade Control Board . . . . . £2,875.16. 2
	The Territory Revenue Fund . . . . . £2,418. 5. 8
Levies . . £6,169.18. 0	The Farming Interests Fund . . . . . £3,960.15. 2
Total . . £9,254.17. 0	Total £9,254.17. 0

No. 9 of 1958.]

## ORDINANCE

To amend the law relating to public education.

(Assented to 21st April, 1958.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Sub-section (1) of section *ninety-eight* of the Education Proclamation, 1926, (Proclamation No. 16 of 1926) — hereinafter called the principal Proclamation — is hereby amended by the substitution therefor of the following sub-section:—

“(1) The superintendent of a government school hostel, if he is a teacher at a government school, shall be entitled to a free house or free residence in the hostel, and free board and free laundry services for himself, his wife and his children under six years of age. The rate of the cost of living allowance payable to such superintendent in his capacity as teacher at a government school shall not be affected hereby”.

2. The following sub-section is hereby substituted for sub-section (3) of section *ninety-nine* of the principal Proclamation:—

“(3) The Director may require any teacher at a government school to undertake supervision duty in the hostel attached to such school, as a full-time or a part-time supervisor. A full-time supervisor shall receive free board, lodging and laundry services as remuneration: Provided that the Director may pay a supervisor in respect of whom no relief is available, additional remuneration at the rate of £24 per annum. A part-time supervisor shall receive a part of such remuneration proportionate to the duties performed by him, such part being determined by the Director. The rate of the cost of living allowance payable to a supervisor or a part-time supervisor in his capacity as teacher at a government school shall not be affected hereby.”

3. Section *one hundred and fifty-three* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the words “and government school hostels” after the word “schools”.

4. This Ordinance shall be called the Education Amendment Ordinance, 1958, and shall come into force on the first day of April, 1958.

No. 10 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op wildbeskerming.

*(Goedgekeur 21 April 1958.)**(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Sub-artikel (2) van artikel *sestien bis* van die Ordonnansie op Wildbeskerming 1951 (Ordonnansie 11 van 1951) word hierby gewysig —

- (a) deur die woorde „of inktpotlood” in te voeg na die woord „ink”; en
- (b) die woord „volle” te skrap.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Wildbeskerming 1958.

No. 11 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op die uitroeiing van ongediertes.

*(Goedgekeur 21 April 1958.)**(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Paragraaf (b) van artikel *drie* van die Ordonnansie betreffende die Uitroeiing van Wildehonde 1935 (Ordonnansie 6 van 1935) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die woord „onmiddellik” te skrap.

2. Artikel *ses* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „Wildehonde” te vervang deur die woord „Ongediertes”.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Uitroeiing van Ongediertes 1958.

No. 12 van 1958.]

**ORDONNANSIE**

Om die wet betreffende die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds te wysig.

*(Goedgekeur 21 April 1958.)**(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking „die hoofordonnansie”, die Ordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1944 (Ordonnansie 13 van 1944), soos gewysig by die Wysigingsproklamasie op

No. 10 of 1958.]

**ORDINANCE**

To amend the law relating to the preservation of game.

*(Assented to 21st April, 1958.)**(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa:—

1. Sub-section (2) of section *sixteen bis* of the Game Preservation Ordinance, 1951 (Ordinance 11 of 1951), is hereby amended —

- (a) by the insertion of the words “or indelible pencil” after the word “ink”; and
- (b) by the deletion of the word “full”.

2. This Ordinance shall be called the Game Preservation Amendment Ordinance, 1958.

No. 11 of 1958.]

**ORDINANCE**

To amend the law relating to the extermination of vermin.

*(Assented to 21st April, 1958.)**(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa:—

1. Paragraph (b) of section *three* of the Extermination of Wild Dogs Ordinance 1935 (Ordinance 6 of 1935), hereinafter called the principal Ordinance, is hereby amended by the deletion of the word “forthwith”.

2. Section *six* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the word “Vermin” for the words “Wild Dogs”.

3. This Ordinance shall be called the Extermination of Vermin Amendment Ordinance, 1958.

No. 12 of 1958.]

**ORDINANCE**

To amend the law relating to the Territorial Development and Reserve Fund.

*(Assented to 21st April, 1958.)**(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression “the principal Ordinance” means the Territorial Development and Reserve Fund Ordinance 1944, (Ordinance 13 of 1944), as amended by the Territorial Development and Reserve



die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1945 (Proklamasie 16 van 1945), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1946 (Ordonnansie 5 van 1946), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1947 (Ordonnansie 8 van 1947), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1948 (Ordonnansie 9 van 1948), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1950 (Ordonnansie 2 van 1950), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1951 (Ordonnansie 18 van 1951), die Ordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1952 (Ordonnansie 29 van 1952), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1953 (Ordonnansie 3 van 1953), die Verdere Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1953 (Ordonnansie 16 van 1953), die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1955 (Ordonnansie 14 van 1955), en die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1957 (Ordonnansie 27 van 1957).

2. Sub-artikel (1) van artikel ses van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „skool- en hospitaalgeboue” in paragraaf (i) te vervang deur die woorde „skool-, hospitaal- en kantoorgeboue, woonhuise vir personeel van die Unie se Departement van Naturelle sake”.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1958.

No. 13 van 1958.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1939.

(Goedgekeur 21 April 1958.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Die Eerste Bylae van die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1939 (Proklamasie 17 van 1939) word hierby gewysig deur die volgende paragraaf aan die einde daarvan in te voeg:—

„(3) *Paaie oop vir die Publiek sonder Permit.*

(a) Daardie deel van seksie 2 van hoofpad No. 4 wat binne Diamantgebied No. 1 loop en wat in Bylae II van Proklamasie 29 van 1953 soos volg beskryf word:—

Vanaf 'n punt op die noordwestelike grenslyn van die opgemete erwe van die dorp Aus, noord van die Spoorwegreserwe, algemeen ooswaarts oor Aus dorp en dorpsgronde No. 36, waar dit die Spoorwegreserwe kruis na die suidekant ongeveer  $\frac{1}{3}$  myl van die oostelike grens van die plaas Klein Aus No. 8, Klein Aus No. 8, waar dit die Spoorwegreserwe kruis na die noordekant ongeveer 1 myl wes van die oostelike grens na Aus dorp en dorpsgronde No. 36, Klein Aus No. 8, Plaas No. 46, Diamantgebied No. 1, waar dit die Spoorweg kruis om weer oor te kruis ongeveer 3.3 en 6.3 myle respektiewelik, van die oostelike grens, verby Garub Spoorweghalte, daarvandaan loop dit noord van die Spoorwegreserwe weswaarts oor Diamantgebied No. 1, waar dit suid van die Spoorwegreserwe kruis net oos van Haalenberg Spoorweghalte; vandaar algemeen suidweswaarts oor Diamantgebied No. 1, waar dit die Spoorwegreserwe kruis op punte  $9\frac{1}{2}$ ,  $11\frac{1}{4}$  en  $14\frac{1}{2}$  myle respektiewelik, vanaf Haalenberg Spoorweghalte tot by 'n punt ongeveer  $\frac{3}{4}$  myl suidoos van Grasplatz Spoorweghalte;

Fund Amendment Proclamation, 1945 (Proclamation 16 of 1945), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1946 (Ordinance 5 of 1946), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1947 (Ordinance 8 of 1947), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1948 (Ordinance 9 of 1948), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1950 (Ordinance 2 of 1950), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1951 (Ordinance 18 of 1951), the Promotion of Farming Interests Ordinance, 1952 (Ordinance 29 of 1952), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1953 (Ordinance 3 of 1953), the Territorial Development and Reserve Fund Further Amendment Ordinance, 1953 (Ordinance 16 of 1953), the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1955 (Ordinance 14 of 1955), and the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1957 (Ordinance 27 of 1957).

2. Sub-section (1) of section six of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in paragraph (i) of the words “school, hospital, office buildings, residence for personnel of the Union Department of Native Affairs” for the words “school and hospital buildings”.

3. This Ordinance shall be called the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1958.

No. 13 of 1958.]

## ORDINANCE

To amend the Diamond Industry Protection Proclamation, 1939.

(Assented to 21st April, 1958.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:

1. The First Schedule to the Diamond Industry Protection Proclamation 1939 (Proclamation 17 of 1939), is hereby amended by the insertion of the following paragraph at the end thereof:

„(3) *Roads open to Public without Permit.*

(a) That portion of section 2 of Trunk Road No. 4 falling inside Diamond Area No. 1 and defined in Schedule II to Proclamation 29 of 1953 as follows:—

From a point on the northwestern limit of the surveyed Erven in the Township of Aus, north of the Railway Reserve, generally eastwards via Aus Town and Townlands No. 36, crossing to the south side of the Railway Reserve approximately  $\frac{1}{3}$  mile from the eastern boundary of the Farm Klein Aus No. 8, Klein Aus No. 8, crossing to the north side of the Railway approximately 1 mile west of the eastern boundary into Aus Town and Townlands No. 36; Klein Aus No. 8, Farm No. 46, Diamond Area No. 1, crossing and recrossing the Railway Reserve approximately 3.3 and 6.3 miles respectively from the eastern boundary, passing Garub Railway Siding; thence following the north side of the Railway Reserve westwards via Diamond Area No. 1, crossing to the south of the Railway Reserve immediately east of Haalenberg Railway Siding; thence generally southwestwards via Diamond Area No. 1, crossing the Railway Reserve at points  $9\frac{1}{2}$ ,  $11\frac{1}{4}$  and  $14\frac{1}{2}$  miles respectively from Haalenberg Railway Siding to a point approximately  $\frac{3}{4}$  miles southeast of Grasplatz Railway

vandaar algemeen noordweswaarts oor Diamantgebied No. 1, noord van Grasplatz Spoorweghalte verby om aan te sluit by die privaat pad na Oranjemund van die Consolidated Diamond Mines of South West Africa Company Limited, ongeveer 4.7 myle vanaf Luderitz; vandaar algemeen voortgaande noordweswaarts oor Diamantgebied No. 1 en Gedeelte B van Luderitz dorp en dorpsgronde No. 11, gereserveerde Gebied van Luderitz tot by die suidoostelike grenslyn van die opgemete erwe van Luderitz dorp, almal in die distrik van Luderitz.

- (b) Daardie deel van publieke pad No. 703 wat binne Diamantgebied No. 1 loop en wat in Bylae II van Proklamasie 53 van 1954 soos volg beskryf word:—

Vanaf 'n punt op Hoofpad No. 4 — Seksie 2 naby Garub Spoorweg Sylyn algemeen suidwaarts in die distrik van Luderitz oor Diamantgebied No. 1, oor die Spoorweg Reserwe te kruis, en die plaas Tsirub No. 13 tot by 'n punt naby die opstal op genoemde plaas; vandaar algemeen oos-noordooswaarts oor die plase Tsirub No. 13, Heinrichsfelde No. 10 en Klein Aus No. 8 om aan te sluit met Hoofpad No. 4 — Seksie 2 by 'n punt ten suide van die Spoorweg Reserwe op laasgenoemde plaas.

- (c) Daardie deel van distrikspad No. 716 wat binne Diamantgebied No. 1 loop en wat in Bylae III van Proklamasie 53 van 1954 soos volg beskryf word:—

Vanaf 'n punt op Hoofpad No. 4 — Seksie 1 ongeveer 2 myl oos van die dorp van Aus op die plaas Dorp en Dorpsgronde van Aus No. 36 algemeen suid-suidooswaarts in die distrik van Luderitz oor die plase Dorp en Dorpsgronde van Aus No. 36 en Kubub No. 15, Kroongrond, die suidwestelike hoek van die plaas Arasab No. 43, die plaas Arutal No. 25, Graslisens Tsaus, die plaas Pockenbank No. 68, Anus No. 73, Swartpunt No. 74 en Nord Witpütz No. 22 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen suid-suidweswaarts oor die plaas Nord Witpütz No. 22 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen suidwaarts oor die plase Nord Witpütz No. 22, ten weste van die Polisie Stasie verby, Süd Witpütz No. 31, Gedeelte 1 van Süd Witpütz No. 31 en Zebrafontein No. 87, Kroongrond en Diamant Gebied No. 1 tot by 'n punt naby Sendlingsdrif Polisie Stasie naby die Oranje Rivier.

Die breedte van die bogenoemde publieke paaie insluitende die ryvlak en die padreserwe waar hierdie paaie binne Diamantgebied No. 1 loop, is sestig meter, en „ryvlak” en „padreserwe” het die betekenis wat artikel twee van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953) daaraan gee.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1958.

Siding; thence generally northwestwards via Diamond Area No. 1 passing north of Grasplatz Railway Siding, connecting with the private Road to Oranjemund of the Consolidated Diamond Mines of South West Africa Company Limited approximately 4.7 miles from Luderitz; thence continuing northwestwards via Diamond Area No. 1 and Portion B of Luderitz Town and Townlands No. 11, the reserved area of Luderitz to the southeastern limit of the surveyed Erven of Luderitz Township, all in the district of Luderitz.

- (b) That portion of Public Road No. 703 falling inside Diamond Area No. 1 and defined in Schedule II to Proclamation 53 of 1954 as follows:—

From a point on Trunk Road No. 4 — Section 2 near Garub Railway Siding generally southwards in the district of Luderitz via Diamond Area No. 1, crossing the Railway Reserve, and farm Tsirub No. 13 to a point near the homestead on the said farm; thence generally east — northeastwards via the farms Tsirub No. 13, Heinrichsfelde No. 10 and Klein Aus No. 8 to connect with Trunk Road No. 4 — Section 2 at a point south of the Railway Reserve on the last-mentioned farm.

- (c) That portion of district road No. 716 falling inside Diamond Area No. 1 and defined in Schedule III to Proclamation 53 of 1954 as follows:—

From a point on Trunk Road No. 4 — Section 1, approximately 2 miles east of the Town of Aus on the farm Town and Townlands of Aus No. 36 generally south-southeastwards in the district of Luderitz via the farms Town and Townlands of Aus No. 36 and Kubub No. 15, Crownland, the southwestern corner of the farm Arasab No. 43, the farm Arutal No. 25, Grass-Licence Tsaus, the farms Pockenbank No. 68, Anus No. 73, Swartpunt No. 74 and Nord Witpütz No. 22 to a point on the last-mentioned farm; thence generally south-southwestwards via the farm Nord Witpütz No. 22 to a point on the last-mentioned farm; thence generally southwards via the farms Nord Witpütz No. 22, passing West of the Police Station, Süd Witpütz No. 31, Portion 1 of Süd Witpütz No. 31 and Zebrafontein No. 87, Crownland and Diamond Area No. 1 to a point near Sendlings Drift Police Station near the Orange River.

The width of the above-mentioned public roads, including roadway and road reserve where these roads fall within Diamond Area No. 1, shall be sixty metres, and the meanings to be assigned to “roadway” and “road reserve” shall be those given in section two of the Roads Ordinance 1953, (Ordinance 17 of 1953).”

2. This Ordinance shall be called the Diamond Industry Protection Proclamation Amendment Ordinance, 1958.